
Minimum Standaard en Klassifikasie van Pekanneut Kwekerybome

Deur Heiko Meier, Johan Ferreira, Willem Oostuizen, Pieter Smith.

Die doel van hiedie artikel is om minimum standaard daar te stel vir pekan kwekerybome, en om persone wat bome wil plant, in te lig waarna om op te let by die aankoop van kwekerybome. Daar word in baie gevalle ervaar dat die oorlewing van jong bome in die eerste jaar na uitplanting swak is. Swak bestuur speel n groot rol, maar swak kwaliteit bome kan ook die oorsaak wees. Omdat pekanneute so n langtermyn belegging is, is dit onderhandelbaar om die beste kwaliteit bome te plant. Riglyne vir voornemedede kopers word vervolgens opgestel.

Daar moet onderskei word tussen dormante kaalwortel bome wat in Julie en Augustus uitgeplant word en houerbome of sakwortelbome wat reg deur die jaar uitgeplant kan word. Die twee tipes word afsonderlik bespreek met elkeen se voor-en nadele.

Op houerbome is daar slegs minimum standaard vasgestel en sal daar geen klassifikasie volgens grootte wees nie. Op kaalwortel kwekerybome is daar wel n klassifikasie volgens grootte. Daar is ook algemene standaard vasgestel wat op alle kwekerybome van toepassing is.

A. Sakbome / Houerbome:

Voodele van houerbome bo kaalwortelbome sluit in:

- a. Beter oorlewing na uitplant.
- b. Die uitplantproses van houerbome is nie tydsgebonde soos die van kaalwortelbome nie. Houerbome kan reg deur die jaar in warmer dele uitgeplant word.
- c. Steuring van wortels is minimaal.
- d. Indien haarwortels behoue geby het, kan onmiddelik met bemesting begin word.
- e. Die uitdroging van die wortel tydens vervoer is minimaal.

Minimum standaard vir houerbome:

- f. Plantsakke of houers moet ten inmate 500mm lank wees.
- g. Houerdersnee van ten minste 150 mm maar verkieslik 200mm.
- h. Bome moet reeds goed gevestig wees in houers met voldoende sywortel ontwikkeling. Pas oorgeplante bome behoort nie bemark te word nie.
- i. Sakke moet groot genoeg wees dat voldoende wortels oorbly nadat die penwortel afgesny is waar hy op die bodem van sak draai.
- j. Die nek van die boom (waar die wortel en die stam bymekaar kom) moet onder die groeimedium wees om te verseker dat die son nie die boom doodbrand na uitplant nie.
- k. Bopgrondse groei van te minste 500 mm word aanbeveel vir maklike vestiging

B. Kaalwortel Kwekerybome:

Voordele van Kaalwortel kwekerybome:

- a. Die prys van kaalwortelbome is gewoonlik laer as die van houerbome van vergelykbare grootte.
- b. Wortelstelsels kan behoorlik geïnspekteer word voor plant, omdat al die wortels sigbaar is.
- c. Kaalwortelbome is gemiddeld groter as bome in sakke.
- d. Vervoer is aansienlik makliker en goedkoper. Daar kan tussen twee en vyf keer soveel kaalwortelbome op 'n voertuig gelaai word as wat daar houerbome gelaai kan word.
- e. Die kweek van kaalwortel bome is makliker en goedkoper as houerbome. Veral arbeid is 'n groot faktor wat bydra tot hoër koste.
- f. Groter hoeveelhede kaalwortelbome word jaarliks gekweek en is dus ook makliker verkrygbaar.
- g. Meganiese uithaal is moontlik veral vir kwekerye met groot hoeveelhede bome.

Wortelstelsel van pekanneut kwekerybome:

Die belangrikste faktore om die kwaliteit en oorlewingsvermoë van kwekerybome te bepaal, is die wortelstel. Op 'n massa tot massa basis berekening behoort die verhouding van die wortelstelsel tot die van die bostam minstens 2 : 1 te wees, nadat beide die stam en wortel afgesny is vir uitplant.

Meervoudige penwortelstelsel:

Hierdie wortelstelsel word verlies bo enkel penwortelstelsel, omdat die oorlewing in baie gevalle getoon het om beter te wees.

Sywortels.

Sywortels verhoog die boom se vermoë om vining te vestig. As min of geen sywortels voorkom, moet die kaalwortelboom sy reserwes gebruik om sywortels te vorm voordat die boom bogronds behoorlik kan groei.

Afwykings op wortelstelsel:

- h. Te kort afgesny
So 'n penwortel behoort minstens 500 mm lank te wees. Die reserwes van kaalwortelbome word in die penwortel gestoor en sodra dit te kort afgesny word, het so 'n boom na uitplant nie genoeg reserwes om bevredigend te groei na uitplant nie en mag die boom selfs doodgaan.
- i. Beskadigde penwortel
As die penwortel op plekke raakgesteek is met die uithaalproses, benadeel dit die effektiwiteit van so wortel en dit laat ruimte vir patogene om die wortel binne te bring en die wortel mag verrot en afsterf.
- j. Gedraaide wortels (Draainek)
Dit is waar wortels in 'n sirkel groei of ernstig gekinkel is. Dit kan boomprestasie in latere jare ernstig benadeel. Sapvloei kan verminder of selfs gestop word en in ernstige gevalle kan die boom selfs ingee en doodgaan.
- k. Aalwurmskade
Enige afwyking aan die wortelstelsel soos knoppies wat dui op aalwurmbesmetting is nie geskik vir uitplant in 'n boord nie, om besmetting van boorde te voorkom.

Klassifikasie van kaalwortel bome:

Daar is besluit om kaalwortelbome volgens stamdikte eerder as lengte te klassifiseer. Lengte verskil aansienlik tussen produksiegebiede en bome word dikwels deur kwekerye terug gesny, wat lengte 'n moeilike maatstaaf maak.

- l. Klassifikasie geskied volgens stamdikte gemeet 20 mm bokant die net op die nuwe groei.
- m. Bome dunner as 6 mm word beskou as onbemarkbaar
- n. Indien bome dikker as 40 mm is, moet die wortel langer as 1 m uitgehaal word. So n groot boom is moeilik om uit te plant omdat die plantgat, diep moet wees

Klassifikasie	Stamdikte (mm)	Minimum aanbevole wortellengte (mm)
Klein	6 to 9	500
Medium	9 tot 15	600
Groot	15 tot 25	700
Ekstra Groot	25 tot 40	800

Minimum standaarde vir alle pekanneut kwekerybome:

- o. Minimum stamdikte van 6 mm gemeet 20 mm bokant die ent op die nuwe groei.
- p. Wortellengte n minimum van 500 mm lank.
- q. 'n Wortel / stam verhouding van 2:1 op n massa basis gereken, indien die stam vier ogies bokant die entlas afgesny sou word, moet haalbaar wees.
- r. Wortels mag nie so gedraai of geknoop wees dat dit die sapvloei kan belemmer nie.
- s. Die entlas moet nie hoër wees as 500 mm vanaf die grondoppervlak wees nie.
- t. Entstrokies moet in alle gevalle verwyder wees en kwekerybome mag onder geen omstadighede gewurg wees nie, omdat die wind sulke bome op die wurgmerk sal afbreek.
- u. Die entlas moet behoorlik aangegroei wees. Dit is veral belangrik op klein bome
- v. Kleurkodes moet volgens standaard kleurkode duidelik op elke boom gemerk wees.
- w. Kultivar egtheid is van groot belang sodat verkeerde kultivars nie versprei word nie.
- x. Bome moet ooglopend vry wees van peste en plaë soos aalwurm en sopluis.
- y. Bome moet met voldoende klam saagsels verpak wees om die wortel behoorlik te bedek. Die kroon van die wortel mag nie by die sak uitsteek nie.